

**2024**

# **HERSTELPLAN**

**Economiese  
HERSTELPLAN  
vir Suid-Afrika**

Theuns du Buisson

Junie 2024



 | SOLIDARITEIT

# Inhoud

Bestuursopsomming .....	3
Inleiding en agtergrond.....	4
Huidige ekonomiese posisie en onlangse veranderinge.....	4
Oorwegings en voorstelle vir ekonomiese herstel en volgehoue groei.....	10
Die Nasionale Ontwikkelingsplan .....	10
Die plan se visie en kernteikens .....	10
Beoordeling van NOP-voorstelle .....	15
Ander faktore vir groei .....	18
Prioriteite vir ekonomiese groei .....	19
Infrastruktuur.....	19
'n Ligte belastingglas wat voorspelbaar is.....	21
Maatskaplike toelaes .....	22
'n Stabiele geldeenheid .....	25
'n Uitstekende goed opgeleide werkmag .....	25
Die handhaaf van wet en orde .....	26
Ingryping in kritieke verval.....	27
Gevolgtrekking .....	28
Bronne .....	30

# Bestuursopsomming

Dringende ingryping is nodig om die Suid-Afrikaanse ekonomie te laat herleef en om so geleenthede vir almal wat hier woon te skep en 'n einde aan armoede, werkloosheid en dus oordrewe ongelykheid te maak.

Hoewel die Nasionale Ontwikkelingsplan van 2013 goeie bedoelings het en goeie teikens stel, is die meeste hiervan eerder uitkomste van ander teikens wat bereik word. Die primêre teiken hier is ekonomiese groei.

Om groei te bewerkstellig is die volgende vyf doelwitte noodsaklik:

1. Die daarstel en instandhouding van infrastruktuur.
2. 'n Ligte belastingglas wat voorspelbaar is.
3. 'n Stabiele geldeenheid.
4. 'n Uitstekende, goed opgeleide werkmag.
5. Die handhawing van wet en orde.

Wat infrastuktuur betref, moet daar daadwerklik opgetree word om pad- en spoorvervoer op te knap. Die bevryding van die elektrisiteitsmark is ook 'n deurslaggewende faktor. Net soos met spoorvervoer, moet meer private diensverskaffers tot die elektrisiteitsmark toegelaat word.

Gewone Suid-Afrikaners gaan gebuk onder 'n enorme belastingglas, wat in sy geheel hersien behoort te word. Die eerste wat aandag moet kry, is korporatiewe belasting. Daar moet nader beweeg word aan die OESO-teiken van 15% maatskappybelasting. Alle beleggings in vaste kapitaal moet ook ten volle aftrekbaar wees vir belastingdoeleindes, om volgehoue groei aan te moedig. Saam met die belastingstelsel moet maatskaplike toelaes ook herbedink word. Eerder as om 'n rits kleiner toelaes en BTW-vrystellings aan te bied, kan dit vervang word met een universele basiese inkomstetoelae.

Die onafhanklikheid van die Reserwebank moet herbevestig word en die staat moet sy verbintenis tot groei en 'n vrye sake-omgewing bevestig om die waarde van die rand te beskerm.

Klem moet gelê word op die gehalte van skoolonderrig. Daar moet ook verseker word dat mense met skaars vaardighede so ver as moontlik plaaslik opgelei word. Daarmee saam moet alle hindernisse tot indiensname en oormatige burokrasie in die werkplek geskrap word, insluitend SEB-wette en diensbillikhedsregulasies.

Wet en orde moet gehandhaaf word en daar moet veral gekyk word na geweldsmisdaad en korruksie, wat die persepsie skep dat dit nie veilig is om in Suid-Afrika sake te doen of die land te besoek nie.

Hierdie ingrypings kan gedoen word deur 'n nuwe staatsdepartement wat onafhanklik funksioneer, om in te gryp in departemente wat verval het tot vlakke waar dit nie meer voldoende dienste kan lewer nie.

## Inleiding en agtergrond

Die Suid-Afrikaanse ekonomie is volgens bykans alle metings en maatstawwe in groot moeilikheid.

Die Nasionale Ontwikkelingsplan is in 2013 opgestel om ontwikkelingsteikens vir 2030 daar te stel.

Trevor Manuel, die voorsitter van die komitee wat die plan opgestel het, wys in sy voorwoord op sekere uitdagings en probleme in die samelewing. Hieronder is armoede en ongelykheid die primêre uitdagings. Sekondêre uitdagings, waarvan party oorsake en ander gevolge van armoede en ongelykheid is, is werkloosheid, swak skoolopleiding en kritieke vaardigheidstekorte.

Die Nasionale Ontwikkelingsplan dien as basis vir hierdie verslag, hoewel nie alle voorstelle in die plan ewe sterk oorweeg word nie. Vir sommige voorstelle word daar geen raamwerk gegee om dit tot uitvoering te bring nie, terwyl ander dele van die plan geen aandag in hierdie verslag verdien nie omdat die oplossings vir baie van die land se probleme direkte uitvloeisels is van die oplossings vir ander probleme. Byvoorbeeld, sterker ekonomiese groei sal ook die situasie rakende die krimpende belastingbasis, armoede en werkloosheid verbeter. As behoorlike skoolopvoeding en toepaslike tersiêre opleiding aangebied word, teen 'n agtergrond van ekonomiese groei, sal ongelykheid ook verminder word.

Die basis vir 'n sterk Suid-Afrika waarin elke gemeenskap tot sy reg kan kom, is sterk ekonomiese groei. Hierdie verslag sal 'n plan voorstel waarmee sterk, volgehoue groei bereik kan word. Om hierdie plan te ontwikkel, sal bestaande teikens beoordeel word en sal nuwe voorstelle gemaak word. Onmiddellike prioriteite, sowel as langtermynplanne wat geïmplementeer moet word, sal in die verslag geïdentifiseer word.

## Huidige ekonomiese posisie en onlangse veranderinge

Die Suid-Afrikaanse ekonomie is volgens bykans alle metings en maatstawwe in groot moeilikheid. Die afgelope paar jaar verswak die land se posisie jaarliks en daar is geen aanduidings dat dit sal verander nie, tensy daar ernstige ingrypings is. Selfs as die groot afswaai en matige herstel in 2020 buite rekening gelaat word, skets die syfers nie 'n goeie prentjie van Suid-Afrika se ekonomiese posisie of toekomsvoortsigte nie. Die meeste syfers het reeds in 2019 op ernstige probleme en ekonomiese ineenstorting gedui.

Volgens die nuutste kwartaallikse arbeidsmagpeiling (QLFS)<sup>1</sup> is die arbeidsmag in 2024 se eerste kwartaal 846 000 mense groter as 'n jaar tevore. Van hierdie 846 000 kon slegs 552 000 werk kry. Dit laat dus nog 294 000 mense wat nie werk kon kry nie en nou getel word as werkloos of ekonomies onaktief.

---


<sup>1</sup> <https://www.statssa.gov.za/publications/P0211/P0211stQuarter2024.pdf>

Wat getalle betref, is daar in Suid-Afrika tans meer as 8 miljoen werkloses en meer as 3 miljoen ontmoedigde werksoekers. Met 'n amptelike werkloosheidskoers van 32,9% en 'n uitgebreide koers van 41,9% is dit geen wonder dat soveel mense tans ontmoedig is nie.

In ag genome hoeveel persone in elke industrie in diens geneem word, beweeg die groei- en inkrimpingsfases oor die algemeen binne 'n relatief nou band, waar groei en inkrimpings oor die algemeen mekaar oor 'n langer tydperk uitkanselleer. Wat die aantal werknemers betref, was daar dus oor die afgelope vyf jaar, van die eerste kwartaal van 2019 tot die eerste kwartaal van 2024, relatief min beweging in die meeste sektore.


Vier sektore het oor die laaste vyf jaar afnames in die aantal mense in diens getoon. Die sektor wat die meeste werkgeleenthede verloor het, was vervaardiging, met 'n afname van 174 000 werkgeleenthede, 'n daling van 10% vir die sektor. Konstruksie en private huishoudings het ook reuse-werkverliese getoon, met onderskeidelik 124 000 en 123 000 mense wat hulle werk hier verloor het. Die sektor wat persentasiegewys die meeste werkgeleenthede verloor het, was nutsdienste, wat 45 000 werkgeleenthede afgestaan het, of 30% gekrimp het.

Die een sektor wat oor die afgelope tydperk merkwaardig gegroei het, is die finansiële sektor, wat 398 000 meer mense as vyf jaar gelede in diens het. Dit is 'n toename van 16%. Mynbou het met 9% gegroei, hoewel dit net 37 000 nuwe werkgeleenthede opgelewer het.




Industrie	Jan-Mar 2019	Jan-Mar 2024	Verandering	% Verandering
Landbou	837	941	104	12%
Mynbou	417	454	37	9%
Vervaardiging	1 780	1 606	-174	-10%
Nutsdienste	150	105	-45	-30%
Konstruksie	1 339	1 215	-124	-9%
Handel	3 345	3 471	126	4%
Vervoer	1 025	1 062	37	4%
Finansies	2 516	2 914	398	16%
Gemeenskaps- en maatskaplike dienste	3 574	3 791	217	6%
Private huishoudings	1 301	1 178	-123	-9%

Wat hierdie statistieke selfs meer kommerwekkend maak, is die toename in jeugwerkloosheid. Vir persone tussen 15 en 24 is die werkloosheidskoers tans 59,7% en vir dié tussen 25 en 34 is dit 40,7%. As hierdie tendens voortduur, beteken dit dat slegs omtrent 'n derde van huidige werklose jeugdiges die kans staan om ooit 'n werk te kry. 'n 20-jarige werklose wat in 2008 deel was van sy ouderdomsgroep se werkloosheidsyfer van 46,3%, is waarskynlik vandag 'n 34-jarige werklose wat bydra tot die huidige koers van 40,7% vir sy groep. Bykans die helfte van jeugdiges in Suid-Afrika het dus nog nooit 'n standhoudende werk gehad nie en die syfers wys dat dit unrealisties sou wees om van hulle te verwag om enigsins te hoop vir 'n beter toekoms.




Ekonomiese groei is nie naastenby voldoende om enigets te doen om 'n einde aan hierdie werkloosheid te maak nie. Ekonomiese groei is dikwels negatief, en waar dit wel positief is, is dit so klein dat dit dikwels deur 'n daaropvolgende kwartaal se negatiewe groei ongedaan gemaak word. As 2020 buite rekening gelaat word, is die grootste spong in een kwartaal 1,8% in die derde kwartaal van 2022. Dit is egter bykans ongedaan gemaak deur sterk negatiewe syfers vir die voorafgaande en daaropvolgende kwartale.

Wat vaste kapitaalvorming betref, lyk die prentjie ook droewig. Hier is die grootste syfer ook, as 2020 buite rekening gelaat word, negatief met -3,8% in die derde kwartaal van 2023. Dit is vreemd vir 'n land wat nie in 'n oorlog betrokke is nie om soveel kwartale van negatiewe vaste kapitaalvorming te beleef. Volgens die 2024 nasionale begroting is vaste kapitaalvorming baie ver verwyder van die NOP-teiken van 30% van BBP. Die hoogste wat dit sedert 1994 was, is ongeveer 21% van BBP in 2008. Die afgelope vier jaar is dit deurgaans onder 15% van BBP.



Wat jaarlikse groeisyfers betref, het die land se ekonomie die afgelope dekade minimaal gegroei. Dit het Suid-Afrika ook besonder lank geneem om van die pandemie te herstel.



Bron: Wêreldbanks<sup>2</sup> en Statistieke SA (2023)

BBP per capita het ook stagneer. Omdat dit in Amerikaanse dollar gemeet word en die rand besonder onstabiel is, sien 'n mens verskillende interpretasies, afhangend van watter data van die Wêreldbanks gebruik word. As die koopkragpariteitsyfer teen huidige internasionale dollarwaarde gebruik word, het BBP per capita van 1994 tot nou bykans deurlopend verbeter van \$6 732 tot \$15 920. Kyk 'n mens egter na BBP per capita teen huidige dollarwaardes, was BBP per capita relatief stabiel deur die 1990's, waarna dit van 2002 tot 2011 verbeter het van \$2 708 tot \$8 737. Daarna

<sup>2</sup> <https://data.worldbank.org/indicator/NY.GDP.MKTP.KD.ZG?end=2022&locations=ZA&start=2008>

het dit dramaties verswak tot die mees onlangse syfer van \$6 766 in 2022. Ongeag watter syfer gebruik word, bly die realiteit dat die ekonomie stadiger groei as die bevolking.

Die rede vir hierdie dramatiese verskille in interpretasies is die onstabilitet van die rand. Ten spyte van hierdie onstabilitet is die oorhoofse neiging egter sterk negatief. Oor die laaste tien jaar het die rand 73% van sy waarde verloor deur te verswak van R10,58 in 2014 tot R18,34 op 28 Mei 2024. Omdat die rand so wispelturig is, kan dit in 2024 nog baie versterk of verswak. Sulke reusespronge in die rand se waarde is niks vreemds nie. Ten spyte van volgehoue verswakkings het die rand oor die laaste 10 jaar uiteenlopende wisselkoerskuiwe gehad. Hoewel die tendens oor die afgelope dekade negatief is, het die rand oor die laaste jaar herstel van die hoogtepunt van R19,92 teenoor die dollar wat in Junie 2023 bereik is. Teen die agtergrond van sulke wisselvalligheid is geen grootskaalse ekonomiese beplanning moontlik nie vir entiteite wat internasionaal handel dryf. Dit maak dit natuurlik ook onmoontlik om 'n behoorlike lewenstandaard te handhaaf wanneer baie huishoudelike goedere ingevoer word en dit wat plaaslik vervaardig word, ook internasionaal kompeteer en van internationale markwaardes afhanklik is.

Die algemene peiling van huishoudings<sup>3</sup> wat onlangs uitgereik is, getuig van gemengde welslae as dit kom by die verbetering van gewone mense se omstandighede. Daar is byvoorbeeld landswyd 'n effense afname in die aantal mense wat toegang tot veilige drinkwater in hulle huise het. Die opvallendste is in die Oos-Kaap, KwaZulu-Natal en Limpopo. Slegs omtrent twee derdes van mense het toegang tot spoeltoilette. Ondanks volgehoue kragtoevoerprobleme het kragtoevoer na huishoudings verbeter van 75,2% in 2002 tot 89,5% van huishoudings wat toegang tot die kagnetwerk het.

Op die gebied van inkomste is daar 'n kommerwekkende tendens dat 'n kleiner deel van die bevolking se primêre inkomste van salaris afkomstig is. Hierdie tendens het in 2018 begin, voordat daar in 2020, te midde van die pandemie, met die Covid-19-noodtoelae begin is. Hoewel net meer as die helfte van huishoudings een of ander staatstoelae ontvang, gee 23% van huishoudings toelaes as hulle primêre bron van inkomste aan. Vir 54,8% van huishoudings is salaris hulle primêre inkomste. Ondanks die groter toegang tot toelaes is daar in 2023 meer mense wat kwesbaar is teenoor honger en toegang tot kos, met 13,5% van huishoudings en 15% van individue wat sê dat hulle kwesbaar is in hierdie opsig.

Wat onderrig betref, is daar 'n verbetering betreffende die aantal mense wat geen skoolonderrig het nie of wat funksioneel ongeletterd is. Hierdie syfer het van 2002 tot 2023 verbeter van 28,5% tot 9,7%, en die meeste ongeletterdes vandag is ouer mense. In 2023 het 50,8% van mense ouer as 20 'n matrieksertifikaat gehad, teenoor 30,5% in 2002.

---

<sup>3</sup> <https://www.statssa.gov.za/publications/P0318/P03182023.pdf>

Ongelykheid bly 'n groot probleem in Suid-Afrika. Navorsing deur die Wêreldbanks<sup>4</sup> stel dat Suid-Afrika die ongelykste land in die wêreld is, met 'n Gini-koëffisiënt van 55 in landelike gebiede en 64 in stede. Algeheel, as landelike en stedelike persone teenoor mekaar opgeweeg word, is die syfer 66,52. In die streek het Lesotho die gelykste samelewing, met 'n koëffisiënt van 45,1. Dit sou egter absurd wees om die Suid-Afrikaanse platteland of Lesotho as die ideaal vir ekonomiese werklikhede voor te hou. Ongelykheid kan nie opgelos word ten koste van welvaart vir dié wat dit reeds het nie.

Vrye handel is ook 'n voorvereiste vir volhoubare ekonomiese groei en welvaart. Volgens die VSA se Handelsadministrasie<sup>5</sup> handhaaf Suid-Afrika oor die algemeen 'n beleid van vrye handel. Daar is veral vryhandelsooreenkoms met die res van Suider-Afrika en die res van die kontinent.

Staatskuld en die diens daarvan neem ook 'n al hoe groter deel van nasionale besteding op. Die tesourie verwag dat skuld in 2025/26 sal stabiliseer op 75,3% van BBP. Dit is wel laer as in baie ander lande, maar hopeloos te hoog as in ag geneem word dat Suid-Afrikaanse staatseffekte toenemend met hoër rentekoerse verhandel, en dat dit nie sal verbeter voor kredietgraderingsagentskappe rede het om meer positief oor die land se toekoms te wees nie.

## Oorwegings en voorstelle vir ekonomiese herstel en volgehoue groei

### Die Nasionale Ontwikkelingsplan

Omdat hierdie verslag slegs op ekonomiese groei en herstel fokus, word daar net aan sake soos ontwikkeling, ekonomiese groei, infrastruktur, misdaad, onderwys en sogenaamde maatskaplike beskerming aandag gegee. Ander aspekte in die NOP, hoewel dit dikwels bespreking verdien, word in hierdie verslag buite rekening gelaat omdat dit nie direk relevant is tot ekonomiese groei en herstel nie.

### Die plan se visie en kernteikens

Die plan begin met 'n lang visie vir 2030, nou slegs ses jaar in die toekoms. Dit is 11 jaar na die aanneem van die plan en baie aspekte van die visie lyk steeds soos 'n veraf hersenskim. Die visie verwys na 'n trotse nasie wat al die geriewe van die moderne wêreld geniet en wat sonder vrees hulle talente kan uitleef. 'n Nasie wat, ja, die visie sê regtig so, toilette gebruik en boeke lees.

<sup>4</sup>

<https://documents1.worldbank.org/curated/en/099125303072236903/pdf/P1649270c02a1f06b0a3ae02e57eadd7a82.pdf>

<sup>5</sup> <https://www.trade.gov/country-commercial-guides/south-africa-trade-agreements>

In werklikheid verval die land steeds. Selfs die eenvoudigste doelwitte is nie aangeraak nie. In 2024 word baie van die staat se eie geboue ontruim omdat dit ongeskik is vir mense om in te werk. Skole en selfs polisiestasies het steeds puttoilette. Die visie is eerder 'n onrealistiese droom.

As agtergrond vir die NOP belig die verslag nege punte wat in 2011 deur die Nasionale Ontwikkelingskommissie geïdentifiseer is, naamlik:

1. Te min mense werk.
2. Die kwaliteit van skoolonderrig vir swart mense is gebrekkig.
3. Infrastruktuur is swak geleë, onvoldoende en word nie in stand gehou nie.
4. Ruimtelike verdelings belemmer inklusiewe ontwikkeling.
5. Die ekonomie is onvolhoubaar hulpbron-intensief.
6. Die openbare gesondheidstelsel kan nie aan vraag of kwaliteit voldoen nie.
7. Openbare dienste is ongelyk en dikwels van swak gehalte.
8. Korupsievlake bly hoog.
9. Suid-Afrika bly 'n verdeelde samelewing.

Met die oog op hierdie punte word 'n multidimensionele raamwerk voorgestel waar vordering in een aspek die ander ook raak en bevorder. 'n Voorbeeld daarvan is om beter inkomste te verseker deur beter onderrig en opleiding. Daarom stel die plan ses prioriteite voor:

1. Verenig alle Suid-Afrikaners rondom 'n gemeenskaplike program gemik op welvaart en gelykheid.
2. Bevorder aktiewe burgery om ontwikkeling, demokrasie en aanspreeklikheid te versterk.
3. Bring vinniger ekonomiese groei, groter belegging en groter arbeidsabsorbsie mee.
4. Fokus op sleutelbevoegdhede van mense en die staat.
5. Bou 'n bevoegde ontwikkelingstaat.
6. Moedig sterk leierskap dwarsdeur die samelewing aan om saam te werk en probleme op te los.

Die plan bespreek ook die groeiende bevolking mense van werkende ouderdom, wat afhanklik daarvan is om werk te kan kry. Hiervoor is ekonomiese groei nodig om dit in 'n wins vir die samelewing te verander, eerder as 'n frustrerende situasie waar baie mense wat kan werk, nie die geleentheid het om hulself te onderhou nie. Hiervoor stel die plan voor dat beter voeding, gesondheidsorg, onderrigstandaarde en toegang tot hoër onderrig deurslaggewend moet wees om hierdie mense se potensiaal te ontgin.

Die plan stel voor dat mense in diens moet vermeerder van 13 miljoen in 2010 tot 24 miljoen in 2030, dat per capita-inkomste moet styg van R50 000 in 2010 tot R120 000 in 2030 en dat die armste 40% van die bevolking 10% eerder as die destydse realiteit van 6% van nasionale inkomste

moet ontvang. Dit stel ook voor dat bestuursposte en eiennaarskap van ondernemings die land se rassedemografie beter moet verteenwoordig.

Om dit te bereik word baie voorstelle gemaak, waaronder 'n sosiale kompak om die doelstellings te bereik en 'n strategie om lone, openbare vervoer en landelike inkomste te verbeter. Die instelling van nasionale gesondheidsversekering word ook hier voorgestel. So ook word voorgestel dat 10% van BBP gebruik moet word om openbare infrastruktuur te vestig en dit te befonds deur tariewe, privaat-openbare vennootskappe, belasting en lenings. Dit moet gefokus wees op vervoer, energie en water.

Die plan stel ook voor dat stede verdig word om meer mense naby werkgeleenthede te vestig en ook om werkgeleenthede beskikbaar te maak waar mense reeds bly.

Die plan stel ook voor dat die polisie gedemilitariseer word en dat die regstelsel verbeter word om veilige gemeenskappe te verseker. Volgens die plan het die polisiediens in die jare voor die opstel van die plan weer toenemend gemilitariseer en meer gewelddadig geword, met die gevolg dat die diens minder respek afdwing.

Wat korruksie betref, maak die verslag baie voorstelle, waarvan die meeste heel voor die hand liggend is, maar tog nie toegepas word nie. Van die voorstelle, soos om goeie waardes by staatsamptenare te kweek, moet tog vanuit die staanspoor deel van die regering se prioriteit wees.

In die hoofstuk oor ekonomiese groei en indiensname word duidelike numeriese teikens gestel, maar min word gesê oor presies hoe daardie teikens bereik sal word. Die teikens vir 2030 is:

1. Die werkloosheidskoers moet van 24,9% in Junie 2012 val tot 14% in 2020 en 6% in 2030. Dit behels die skep van 11 miljoen nuwe werkgeleenthede.
2. Die proporsie volwassenes wat werk, moet van 41% tot 61% verhoog.
3. Die proporsie volwassenes in landelike areas wat werk, moet van 29% tot 40% verhoog.
4. Die arbeidsmagdeelnamekoers moet van 54% tot 65% verhoog.
5. BBP moet met 2,7 keer verhoog, wat neerkom op jaarlikse BBP-groei van 5,4%. BBP per capita moet van R50 000 in 2010 verhoog tot R110 000 in 2030 teen konstante prysie.
6. Die proporsie van nasionale inkomste wat deur die armste 40% verdien word, moet styg van 6% tot 10%.
7. Histories benadeeldes moet meer bates besit.
8. Uitvoere moet met 6% per jaar groei en nie-tradisionele uitvoere met 10% per jaar.
9. Die nasionale spaarsyfer moet van 16% van BBP tot 25% styg.
10. Vaste kapitaalvorming moet van 17% tot 30% styg, met vaste investering deur die openbare sektor wat 10% van BBP uitmaak teen 2030.

11. Openbare indiensnameprogramme moet teen 2015 'n miljoen mense in diens neem en twee miljoen mense teen 2030.

Om hierdie teikens te bereik, stel die plan voor dat lewenskoste vir arm gesinne verlaag word en dat voorstelle vir die bereik van 'n minimum lewenstandaard aangeneem word. Verder word voorgestel dat Suid-Afrika die vernaamste hindernisse vir groei, werkskepping en investering identifiseer en beperk. Suid-Afrika moet ook gevestig word as 'n verskaffer van dienste vir buitelandse ondernemings.

Mynbou moet ondersteun word deur eiendomsreg, infrastruktuur en 'n regverdig en voorspelbare belastingstelsel.

Belastingaansporings en subsidies moet ingestel word om jeugdiges en matrikulante in diens te neem. So ook moet algemene reëls vir die indiensname van die jeug aangeneem word. Daarmee saam moet die proses vir ontslag van werknemers veral vir klein ondernemings vereenvoudig word.

Wat ekonomiese infrastruktuur betref, stel die plan voor dat ten minste 90% van die bevolking toegang tot die kragnetwerk moet hê, met nie-netwerkoplossings vir die res.

40 000 MW nuwe krag moet opgewek word, waarvan die helfte van hernubare bronne moet kom.

Almal moet toegang tot skoon water hê, met genoeg vir landbou en nywerheid. Waterverbruik in stede moet met 15% verminder.

Openbare vervoer moet meer gebruikersvriendelik, geïntegreerd, goedkoop en minder omgewingsonvriendelik wees.

Die Durban-hawe moet kapasiteit hê om 40 miljoen vraghouders per jaar te verwerk.

Breëband-internetverbinding moet goedkoop en volop wees.

Om dit te bereik stel die plan die groter gebruik en ontginding van gas, steenkool en invoere van hidrokrug uit buurlande voor.

Wat vervoer betref, word voorgestel dat die vervoer van vrag tussen Gauteng en Durban vergemaklik word en dat daar 'n nuwe hawe by die ou Durban-lughawe gebou word. So ook word talle voorstelle vir die uitbreiding en opgradering van die pad- en spoornetwerk gemaak.

Om die landelike ekonomie te laat uitbrei, word onder meer beoog om beter gebruiksregsekerheid aan boere op kommunale grond te gee en beleggings in verskeie besproeiingsprojekte te maak. Toerismepotensiaal moet ook ontgin word.

Die plan sluit ook in dat handel met buurlande verhoog word. Handel met die streek moet van 7% verhoog tot 25% van totale handel teen 2030. Daar moet ook 'n verhoogde fokus wees op

groeiente ekonomiese groei in die res van die wêreld. Asië, Brasilië en Afrika word spesifiek genoem. Van die strategieë hiervoor is die opgradering van vervoerinfrastruktuur, die vermindering van rompslomp en korruksie by grensposte en die facilitering van befondsing deur finansiële instellings vir plaaslike ondernemings se uitbreidings na die kontinent.

Nog 'n baie belangrike oorweging vir ekonomiese groei is die opleiding en vaardighede van die land se werkmag en toekomstige werkmag. Die teikens wat vir onderrig, opleiding en innovering gestel word, sluit in:

- Vroeëkinderontwikkeling moet bevorder word en alle kinders moet ten minste twee jaar voorskoolse onderrig ontvang.
- Omtrent 90% van kinders in grade 3, 6 en 9 moet ten minste 50% behaal in nasionale assessorings van geletterdheid, wiskunde en wetenskap.
- Tussen 80% en 90% van leerders moet 12 skooljare voltooi of beroepsgerigte opleiding ontvang en ten minste 80% moet hulle toelatingseksamens slaag.
- Infrastruktuuragterstande moet ingehaal word en alle skole moet teen 2016 aan minimum standaarde voldoen.
- Kolleges moet verbeter om meer aansien te geniet, en 25% van matrikulante of 1,25 miljoen mense moet jaarliks daar studeer.
- 1 miljoen leergeleenthede moet by gemeenskapsonderrig- en leersentrums beskikbaar wees.
- Die deurvloeikoers moet 80% wees teen 2030.
- Die land moet 30 000 ambagsmanne per jaar oplewer.
- Verhoog inskrywings by universiteite van 950 000 tot 1,62 miljoen.
- Verhoog die aantal studente wat kwalifiseer vir wiskunde- en wetenskapverwante grade tot 450 000.
- Verhoog die persentasie personeel met PhD's in die hoëronderwyssektor van 34% tot 75%.
- Produseer meer as 100 doktorsgrade per miljoen bevolking, oftewel 'n toename van 1 420 tot 5 000 per jaar.
- Verhoog onderwysbesteding om uitsette in wetenskap, tegnologie en innovasie te verhoog.

Van die voorgestelde aksies om hierdie doelwitte te bereik is voedingsprogramme vir swanger vroue en jong kinders, gevvolg deur behoorlike voorskoolse programme. Verder kom baie van die voorstelle neer op groter besteding. Skoolhoofde moet ook strenger gekeur word. Leerders moet op beroepsgerigte opleiding kan besluit voordat hulle graad 12 voltooi.

'n Opsie om 'n graad oor vier jaar te doen met ingeslotte oorbruggingskursusse moet ook aangebied word om studente uit minderbevoorregte agtergronde te ondersteun.

Onder maatskaplike beskerming stel die plan voor dat 'n "vloer" vasgestel word, wat ondersteun sal word deur hoër lone, groter indiensname, maatskaplike toelaes en algemene dienste. Mense moet aangemoedig word om vir noodgevalle te spaar.

### **Beoordeling van NOP-voorstelle**

Om invoertariewe voor te stel ter wille van infrastruktuurontwikkeling, druis in teen een van die kernvoorwaardes van ekonomiese groei, naamlik vrye handel. Verder is enige oproep vir die bevordering van gelykheid vaag en onhaalbaar, tensy dit gepaard gaan met sterk ekonomiese groei. As laasgenoemde afwesig is, kom dit neer op herverdeling eerder as die werklike opheffing van die samelewings. So ook is teikens vir die vergroting van persoonlike inkomste betekenisloos as dit nie gepaard gaan met voorstelle om produktiwiteit te verbeter nie.

Die kritiek dat die ekonomie oormatig hulpbronintensief is, is geldig, maar sonder 'n fokus op die vestiging van meer lonende bedrywe en die opleiding van mense om hierdie bedrywe te vestig, is dit ook betekenisloos. Ons sien byvoorbeeld dat die vervaardigingsbedryf erge verliese en inkrimpings gely het sedert die aanvaarding van die NOP.

Wat gesondheidsorg betref, is die oplossing eerder om die openbare gesondheidstelsel te omvorm in 'n werkende stelsel wat kwaliteitdienste lewer. Dit moet gepaard gaan met 'n hervorming van die private stelsel, om basiese sorg in die privaatsektor bekostigbaar te maak vir almal wat werk. Deur staatsubsidies, werkgewerbydraes en nuwe regulasies vir reeds bestaande mediese fondse kan dit bereik word. Nasionale gesondheidsversekering wat deur die staat bestuur word, sal soortgelyke uitkomste as die huidige openbare stelsel hê en tot verminderde toegang tot kwaliteitsorg vir almal in Suid-Afrika lei, terwyl dit alle openbare fondse wat vir ander doelwitte beskikbaar moet wees, in beslag sal neem.

Om die stedelike landskap te verdig, sal wolkekrabbers gebou moet word, eerder as uitgestrekte HOP-huise soos wat tans die geval is. Nie net maak dit openbare vervoer makliker nie, maar dit help ook om meer ekologies verantwoordbaar te wees, omdat minder spasie wat vir landbou of natuurbewaring gebruik kon word, daardeur opgeneem word. Ongelukkig rig net sterk ekonomiese wolkekrabbers op. Geen van hierdie teikens kan op 'n volhoubare en verantwoordbare wyse geskied sonder sterk ekonomiese groei nie.

Wat die bekamping van misdaad betref, is dit nodig om 'n goeie balans te handhaaf tussen 'n goed funksioneerende polisiediens wat op gemeenskapsveiligheid fokus, en 'n meer gemilitariseerde mag wat byvoorbeeld met onwettige mynwerkers en bendegeweld afreken. Ongelukkig is die Suid-Afrikaanse realiteit dat die polisiediens nie volkome kan demilitariseer en verwag om ernstige openbare geweld en gevestigde geweldsmisdadigers die hoof te bied nie.

Enige aanbevelings oor korruksie is ook betekenisloos, as 'n mens in ag neem dat van die opstellers van die NOP sedertdien in die Zondo-verslag uitgewys is as korrup. Bitter min het nog

sedert die publikasie van die verslag gebeur om skuldiges te straf, en dus kan geen van die NOP se korruksiekampingsvoorstelle ernstig opgeneem word nie.

Hoewel die meeste teikens goeie strewes is, is baie daarvan die gevolg van goeie beleid en groei eerder as 'n teiken om self na te streef. Om daarna te streef om meer mense in openbare indiensnameprogramme te hê is ook gek, omdat dit op 'n kunsmatige ekonomiese sekerheid duif.

Om lewenskoste kunsmatig te verlaag sal op prysvasstelling neerkom, wat indruis teen die vryemarkideaal. Prysvasstelling is juis een van die faktore wat Eskom op sy knieë gedwing het. Om die hindernisse vir ekonomiese groei te identifiseer en te beperk is 'n edel streef, maar om in dieselfde asem te insinueer dat prysvasstelling oorweeg word, ondermyn ekonomiese sekerheid.

Engeriesekerdheid is een van die kernbeginsels vir 'n volhoubare en groeiende ekonomie. Energie moet goedkoop en stabiel wees. Die herstel van Eskom se opwekkingskapasiteit en die oopstel van die elektrisiteitsmark aan private verskaffers is hier van kardinale belang. Dit hoef ook nie slegs tot die kragnetwerk verbind te wees nie. Waar moontlik kan plaaslike kragnetwerke, wat nie aan die nasionale netwerk verbind is nie, ook geskep word. Niks behoort private diensverskaffers te verhoed om dit te doen nie.

Indien hidrokrug van buurlande en die res van die streek aangekoop word, moet daar gewaak word teen afhanklikheid. Zambië is in 2019 in donker gehul toe daar nie genoeg water was om die hidrosisteme aan die gang te hou nie. Dit was aan die einde van April 2024 weer die geval.<sup>6</sup> Wat ander energiebronne betref, moet Suid-Afrika daarteen waak om burgers se gesondheid, sowel as landbou en die toerismesektor, te skaad deur die vernietiging van ons natuurlike hulpbronne. Hoewel steenkool en gas, as daar wel grootskaalse gashulpbronne is, hulle plek in die energiemengsel het, moet goedkoper en hernubare opsies ook oorweeg word. Kernkrag moet ook oorweeg word.

Water is selfs belangriker as energie in 'n land wat vinnig besig is om te verstedelik. Hoër konsentrasies mense maak dit moeiliker om afvalwater te behandel en om skoon water by mense te kry. Dit is daarom noodsaaklik dat 'n daadwerklike plan aanvaar word om die land se varswaterhulpbronne te beskerm en te herlei na waar dit nodig is.

Die plan maak melding van breëband-internetverbindings wat vir meer mense beskikbaar moet wees. Die privaat sektor het relatief vinnig beweeg om veseloptiese kabels aan die meeste stedelike Suid-Afrikaners te bied. Mobiele internetverbindings sal egter meer prakties wees vir baie mense wat die internet in kleiner hoeveelhede in afgeleë gebiede gebruik. Tog was dit juis die regering wat die proses om meer radiofrekwenciespektrum aan selfoondiensverskaffers beskikbaar te stel, gekortwiek het. Hulle het hulle teiken vir die afskakeling van analoog-TV-seine

---

<sup>6</sup> <https://www.whyafrica.co.za/zambia-scrambles-for-electricity/#:~:text=The%20recent%20drought%20and%20high,than%20eight%20hours%20per%20day>.

met agt jaar gemis.<sup>7</sup> Sonder die sogenaamde digitale migrasie word te veel van die frekwensiespektrum deur TV-uitsaaiers opgeneem, wat dit onmoontlik maak om goedkoop mobiele internet aan die meeste mense beskikbaar te kan stel.

Om die Durban-hawe se kapasiteit uit te brei en die pad- en spoornetwerk te verbeter is ook noodsaaklik vir uitvoere. Die mynbedryf het verlede jaar miljarde rande verloor omdat daar nie voldoende infrastruktuur was om hulle produkte op skepe te kry vir die uitvoermark nie. Die vrugtebedryf ly ook gereeld skade omdat wagtye by die land se hawens daartoe lei dat van hulle produkte afgeskryf moet word.

Om groter sekerheid aan boere op gemeenskaplike grond te gee, is noodsaaklik. Niemand gaan uitbreidings of verbeterings doen op iets wat hulle tydelikleen en wat hulle enige oomblik ontneem kan word nie. Om dieselfde rede moet die regering hom daartoe verbind om private eiendomsreg te beskerm, en alle gesprekke oor onteiening sonder vergoeding moet in die kiem gesmoor word.

Om handel slegs op buurlande, die streek en BRICS-lande te fokus, is kortsigtig en dwaas. Hierdie handel is natuurlik belangrik, maar die opsie vir direkte oorgrenshandel bestaan nog altyd en word waarskynlik grotendeels teruggehou deur die klein bevolkings en ekonomiese van die meeste van ons buurlande. Daar moet eerder deur vryhandelsooreenkomste, beter betrekkinge en beter, of verminderde, plaaslike regulasies gekyk word na hoe handel met ons huidige grootste handelsvennote vergroot kan word. Groter ekonomiese bied groter markte en moet eerste genader word vir vryhandelsooreenkomste.

Dit is noodsaaklik dat onderwys verbeter moet word, maar om bloot meer daaraan te bestee is nie haalbaar nie. Suid-Afrika bestee reeds 'n groter deel van BBP as die internasionale norm aan onderwys. Die gebrekkige uitkomste het daarom waarskynlik eerder te doen met hoe skole bestuur word as met hoeveel geld aan hulle bestee word. Dit is byvoorbeeld onaanvaarbaar dat kinders in graad 3 nog nie kan lees nie of dat hulle tot in die hoërskool vorder sonder basiese vaardighede in geletterdheid, wiskunde en wetenskap.

Die meeste onderwysteikens stel relatief vae aksiestappe om dit te bereik. So ook is baie van die doelwitte vaag. Wat moet die beoogde 1,62 miljoen universiteitstudente studeer? Hier moet die lys van kritieke vaardighede die land lei om te verseker dat studente in daardie vaardighede opgelei word. Gegradsueerde sukkel reeds dikwels om werk te kry omdat universiteitsgrade en gepaardgaande vaardighede nie almal ewe bemarkbaar is nie.

So ook moet graad 12 meer opsies vir beroepsgerigte opleiding bied. Dit is nie realisties om te verwag dat die meerderheid matrikulante verder moet studeer nie. Selfs al word daardie koste

---

<sup>7</sup> <https://www.news24.com/citypress/news/digital-migration-briefing-like-the-process-itself-is-postponed-20230620>

deur die staat gedek, kan baie gesinne dit nie bekostig om hulle kinders nog 'n jaar uit die werkmag te hou nie.

Die plan is korrek om ook op kleiner kinders te fokus. Dit is alombekend dat baie breinontwikkeling voor skool en selfs voor geboorte plaasvind. Hierdie opvoedingstaak moet egter nie net op vroeëkinderontwikkelingsentrums fokus nie, maar ook die ouers, voogde en versorgers van kinders ondersteun om daardie ontwikkeling waar moontlik tuis ook te kan faciliteer.

Die voorstel om grade oor 'n langer tydperk en met meer ondersteuning aan minderbevoorregte studente aan te bied, kan dalk in sommige gevalle geldig wees, maar om studente wat moontlik elders in die ekonomie sou kon presteer, na universiteite te lok en dan nog 'n jaar wat vrugbaar aangewend kon word op te neem, is nie noodwendig optimaal nie.

Wat die maatskaplike vloer betref, moet eers gekyk word na die haalbaarheid daarvan. Dit is ook 'n probleem wat indirek opgelos sal word deur sterk ekonomiese groei en 'n verbetering van die huidige maatskaplike toelaestelsel, soos later in die verslag bespreek word.

## Ander faktore vir groei

Die NOP is nie allesomvattend nie en baie ander faktore het sedertdien ook 'n groter rol begin speel of opgeduik.

Een van hierdie faktore wat dringend aandag moet geniet, is die feit dat Suid-Afrika steeds op die Financial Action Task Force (FATF) se gryslys is. Dit beteken dat baie batebestuurders en instansies volgens hulle eie beleide, wette en regulasies wat op hulle van toepassing is en op grond van hulle gewete nie in Suid-Afrika kan of mag belê nie. Ander Afrika-lande het dit reeds reggekry om van hierdie lys af te kom, maar Suid-Afrika is steeds op die lys.<sup>8</sup> Om van die gryslys verwyder te word, sal Suid-Afrika dringend wet en orde in die finansiële sektor moet handhaaf deur te sorg dat daar ernstige gevolge vir geldwassery en die befondsing van terreur is.

Nog 'n faktor is die traagheid waarmee die regulasies rondom visums vir afstandswerkers hanteer is.<sup>9</sup> Soortgelyke geleenthede moet nagejaag word. 'n Voorbeeld is visums vir entrepreneurs,<sup>10</sup> wat baie kan doen om ekonomiese groei en innovasie plaaslik te bevorder. Hoewel dit belangrik is om mense met skaars vaardighede<sup>11</sup> na die land te lok, moet meer van hierdie mense plaaslik opgelei word. Weereens is die prioriteit vir ekonomiese groei, maar veral groei self, 'n voorvereiste as ons daardie mense in die land wil hou.

Oor die algemeen moet regulasies waaraan ondernemings moet voldoen, ook so eenvoudig as moontlik wees. Dit moet nie net eenvoudig wees nie, maar ook minimaal. Om welvaart te skep,

<sup>8</sup> <https://issafrica.org/iss-today/south-africa-struggles-to-get-off-the-fatf-grey-list>

<sup>9</sup> <https://www.netwerk24.com/netwerk24/sake/geldsake/beroep/visum-vir-afstandswerkers-verwelkom-maar-visum-kommer-bly-20240410>

<sup>10</sup> <https://www.netwerk24.com/netwerk24/sake/geldsake/beroep/spesiale-visum-vir-entrepreneurs-op-pad-20240410>

<sup>11</sup> <https://businesstech.co.za/news/government/722774/new-jobs-added-to-south-africas-critical-skills-list/>

moet so maklik wees as om die idee te kry om welvaart te skep. Elke regulasie wat ondernemings verhinder om sake te doen, is nie net 'n onnodige onderdrukking van innovering nie. Dit misken ook die potensiaal van entrepreneurs en beroof hulle potensiële werknemers van die kans op 'n beter toekoms. Daar moet 'n audit gedoen word van alle regulasies, en alle bepalings met ongewenste gevolge wat nie opweeg teen die voordele van die regulasies nie, moet geskrap word.

## Prioriteite vir ekonomiese groei

Vir Suid-Afrika om 'n sterk ekonomie te hê moet die staat sy finansies in orde hê sonder om groter belastingdruk op sy burgers te plaas. Dit kan, soos bykans alle ander ekonomiese doelwitte, slegs teen die agtergrond van sterk ekonomiese groei gebeur. Die staat se primêre doelwit moet dan wees om groei aan te wakker op so 'n standhoudende en stabiele manier as moontlik. Daarvoor moet die staat eintlik net vyf primêre prioriteite hê:

1. Die daarstel en instandhouding van infrastruktuur.
2. 'n Ligte belastingglas wat voorspelbaar is.
3. 'n Stabiele geldeenheid.
4. 'n Uitstekende, goed opgeleide werkmag.
5. Die handhawing van wet en orde.

In hierdie afdeling word hierdie vyf doelwitte bespreek, asook 'n voorstel vir 'n verbeterde maatskaplike toelaestelsel en 'n nuwe departement wat ten doel het om agterstande uit te wis wat die bereiking van hierdie doelwitte belemmer.

### Infrastruktur

Die elektrisiteitsprobleem het ongelooflike skade aan Suid-Afrika se ekonomie berokken, en ook aan die persepsie van die land se vooruitsigte en potensiaal. Die tekort aan opwekking is grotendeels reggestel deur private opwekkers aan te moedig om hulle elektrisiteit aan die netwerk te koppel. Ongelukkig wys die nuutste syfers<sup>12</sup> dat daar in 2024 steeds minder elektrisiteit opgewek word as in 2019. Beurtkrag is dus beperk omdat vraag gedaal het en nie omdat die krisis werklik na behore hanteer is nie – meer huishoudings en ondernemings wek nou hulle eie krag op. Die vraag na elektrisiteit is ook baie laer. Dit dui op ekonomiese verval, en die boodskap is dat ondernemings veiligheidshalwe hulle eie elektrisiteit moet opwek as hulle hier wil sake doen. Behalwe dat dit energie-intensieve bedrywe onmoontlik maak, skep dit 'n keuse tussen hoë risiko en reuse-kapitaaluitleg vir potensiële beleggers. Hulle kan óf uitgelewer wees aan 'n kragnetwerk wat net-net aan huidige behoeftes voldoen en waarskynlik weer tekorte sal ervaar, óf hulle kan hulle eie opwekking befonds. Nie een van dié opsies is aantreklik nie. Daar sal dus meer gedoen

<sup>12</sup> <https://www.statssa.gov.za/publications/P4141/P4141March2024.pdf>

moet word om die steenkoolvloot teen volle kapasiteit te bedryf totdat ander opwekkingsmetodes gebruik kan word. Suid-Afrika is ryk aan sonlig. Kernkrag word ook totaal onderbenut. Daar is onlangs berig<sup>13</sup> dat Eskom dit oorweeg om modulêre kernkragstasies by sommige ou steenkoolstasies te installeer. Dit is 'n wonderlike idee, want so word bestaande infrastruktuur optimaal benut.

Afgesien van Eskom se eie rol in die herstel van kragvoorsiening, moet stelsels ingestel word om nuwe toetreders na die elektrisiteitsmark te lok, deur mededinging toe te laat. Behalwe dat die transmissienetwerk opgegradeer sal moet word om byvoorbeeld sonkragprojekte in die Noord-Kaap te akkommodeer, sal stelsels ook ingestel moet word om mededinging in die mark toe te laat. In 'n vrye mark met verskeie produsente is NERSA se wurggreep op tariewe nie meer regverdigbaar nie. Die ontbondeling van Eskom sal dan ook 'n voorvereiste vir hierdie stelsels moet wees en moet so vinnig as moontlik afgehandel word. Daar moet so min as moontlik hindernisse vir toetrede tot die mark wees en die stoor van elektrisiteit vir gebruik tydens spitsye moet ook deur hierdie stelsels as 'n lonende bedryf moontlik gemaak word. Dit sal kan gebeur slegs as tariewe vloeibaar is volgens die vraag en aanbod wat op 'n gegewe tydstip op die netwerk heers. Rolspelers wat elektrisiteit aankoop om te stoor en later te verkoop, moet vry wees om volgens heersende marktoestande te kontrakteer vir die elektrisiteit wat hulle koop en verkoop.

Die ander groot infrastruktuurprioriteit is vervoer. Die hoeveelheid vrag wat oor die land se vervoernetwerk vervoer word, behoort nie die enigste maatstaf te wees nie. Die tyd wat dit neem om dit te vervoer is ook uiters belangrik. Om daardie rede is dit belangrik dat meer vrag per spoor vervoer moet word, eerder as om vertragings op die padnetwerk te veroorsaak. Om drie verskillende spoedgrense op dieselfde pad te stel, beteken onvermydelik langer reistyd vir almal. Daarom moet daar so min as moontlik swaarvoertuie aangewend word. Paaie moet ook as absolute prioriteit onderhou word.

Om meer vrag na die spoornetwerk te skuif, moet 'n prioriteit wees. Dit kan gedoen word deur meer bepalings soos artikel 12 van die Inkomstebelastingwet toe te laat. Artikel 12J het byvoorbeeld die meeste waagkapitaalbeleggings belastingaftrekbaar gemaak toe die artikel nog in die wet vervat was. Soortgelyke bepalings is nodig vir private treine. Die res van hierdie voorstel word in die volgende afdeling bespreek.

Water is nie net van ekonomiese belang nie, maar is die een hulpbron waarop alles anders berus. Daar moet dringend aandag gegee word aan die besoedeling van die meeste van ons land se riviere. Daar moet voldoende water vir alle stede en dorpe wees en water vir landboubedrywighede moet ook meer volop en goedkoop beskikbaar gemaak word.

---

<sup>13</sup> <https://www.netwerk24.com/netwerk24/sake/energie/eskom-oorweeg-klein-modulere-kernreaktors-by-ou-steenkolkragstasies-20240522>

'n Voorbeeld van hoe die private sektor ingespan kan word om infrastruktuur op groot skaal te verskaf, is die beskikbaarheid van veseloptiese internetverbindings, wat nou vir die meeste huise in groot stede beskikbaar is. Soortgelyke voorsieningsmodelle kan ook vir ander infrastruktuursdoelwitte ingespan word. Dan moet die regering net ook sy kant bring en nie sloer met regulasies nie. 'n Goeie voorbeeld is selfoonnetwerke wat al dekades lank gereed is om goedkoper internet aan almal te bied, maar die regering het dekades gesloer om meer radiofrekwensiespektrum beskikbaar te stel.

Om dit deur regulasie 28 van die Pensioenfondswet moontlik te maak om in infrastruktuur te belê, is 'n stap in die regte rigting. Sulke beleggings moet egter ook aantreklik gemaak word. Hiervoor is die belastingstelsel 'n goeie instrument om die regte aansporings te skep.

### **'n Ligte belastingglas wat voorspelbaar is**

Gewone Suid-Afrikaanse belastingbetalers gaan gebuk onder 'n baie hoë belastingglas, waarvoor hulle relatief min terugkry. Die kernfokus van belastinginvordering en staatsbesteding is om hulpbronne te herverdeel eerder as om toe te sien dat belastingbetalers waarde vir hulle aftrekkings kry. Buiten korporatiewe inkomstebelasting is nie een van die persoonlike belastings uitsonderlik hoog in vergelyking met die res van die wêreld nie. Die probleem is dat Suid-Afrika 'n relatief hoë belastingkoers het vir bykans elke vorm van belasting wat bestaan. Dit sluit in TV-lisensies, BTW, persoonlike inkomstebelasting, die brandstofheffing, dividendbelasting, belasting op rente-inkomste, korporatiewe inkomstebelasting, boedelbelasting, eiendomsbelasting, kapitaalwinsbelasting en talle ander belastings en lisensiefooie. As dit alles saamgetel word, is die belastingglas enorm.

Suid-Afrika het 'n baie hoë korporatiewe inkomstebelastingkoers. Dit word onafwendbaar deurgetrek na werknelmers en die kliënte van ondernemings wat hierdie koers van 27% betaal. Dit maak plaaslike ondernemings minder kompeteterend op die wêreldmark. Die OESO koördineer tans 'n poging om 'n minimum korporatiewe belastingkoers van 15% internasionaal afdwingbaar te maak.<sup>14</sup> As Suid-Afrika nie dringende pogings aanwend om nader aan die 15%-koers te kom nie, sal die vergelykende voordeel, of dit wat daar nog is, om 'n onderneming in Suid-Afrika te bedryf, mettertyd verdwyn. Maniere sal gevind moet word om internasionaal kompeteterend te word betreffende die belastings wat ondernemings betaal. Geen onderneming met opsies buite Suid-Afrika sal bereid wees om die ander plaaslike uitdagings te trotseer teen die agtergrond van hemelhoë belastingkoerse nie.

Een manier om belasting so op te stel dat dit nie nog 'n hindernis vir nuwe ondernemings en ontwikkeling is nie, moet wees om alle beleggings in infrastruktuur belastingaftrekbaar te maak, soos wat artikel 12j van die Inkomstebelastingwet gedoen het vir sekere beleggings. Die NOP stel

---

<sup>14</sup> <https://taxfoundation.org/data/all/global/corporate-tax-rates-by-country-2023/>

die doel dat 30% van BBP-groei vaste kapitaalvorming moet wees. Tog is daar min of geen aansporings vir enigiemand om hierdie belegging te maak nie. As so 'n toegewing gemaak word, moet dit ook vir minstens 15 jaar, maar verkieslik vir ewig, van krag wees. Die onmiddellike verlies aan belastinginkomste sal oor die lange duur weglaatbaar wees teen die agtergrond van ontwikkeling wat daarop volg. As iemand 'n fabriek bou en in die eerste jaar van produksie nie belasting daarop betaal nie, of ten minste nie op die ontwikkelingskoste nie, kan die land as geheel nog oor geslagte die vrugte daarvan pluk.

So 'n toegewing moet ook op die konstruksiesektor van toepassing wees. Baie van Suid-Afrika se vervaardiging is gefokus op produkte wat in konstruksie gebruik word. As dit sleg gaan met die eindverbruiker, ontwikkelaars en bouers, gaan dit sleg met die hele waardeketting. Veral die staalsektor is tans in groot moeilikheid. Omdat Suid-Afrika 'n uitstekende en gesofistikeerde finansiële sektor het, sal die befondsing van nuwe projekte vanself gebeur sodra regulasies en die belastingmodel sulke ontwikkeling aantreklik maak.

Die ander sy van belasting, eintlik die teenoorgestelde, is maatskaplike toelaes. 'n Argument kan gemaak word dat BTW-vrystellings en nulkoerse ook 'n vorm van toelae is, en dit word dus in die volgende afdeling bespreek.

## **Maatskaplike toelaes**

Tans is daar in Suid-Afrika 27,3 miljoen mense wat maatskaplike toelaes ontvang.<sup>15</sup> Dit duï reeds op 'n onvolhoubare stelsel, waar volgehoue afhanklikheid van die staat toenemend die norm word. Dit is ook nie die enigste metode wat gebruik word om geld na behoeftiges te kanaliseer nie.

Van die metodes wat gebruik kan word om vir die armes 'n beter lewe te bewerkstellig, is om die mandjie van goedere wat van BTW vrygestel is, drasties uit te brei. Behalwe dat dit verliese vir die staatskas meebring, is dit ook nie noodwendig effektief nie. Dit is ook te voorskriftelik, omdat armes nie noodwendig almal wil of kan oorleef op die goedere wat van BTW vrygestel is nie. Die ander opsie is om 'n universele inkomstetoelae in te stel.

Hoewel daar geregtigde teenkanting teen so 'n toelae is, sal dit beter wees as die algemeenste toelae wat tans aan mense van werkende ouerdom uitbetaal word, naamlik die kinderondersteuningstoelae. Net soos wat belastings gebruik word om ongewenste gedrag te ontmoedig, soos met belasting op alkohol, sigarette en suiker, het toelae 'n soortgelyke effek. Hoewel daar dikwels ontken word dat mense kinders kry om die toelae te ontvang, kan dit nie ontken word dat die toelae so 'n aansporing daarstel nie. R530 vir 'n huishouding sonder enige

---

<sup>15</sup> <https://dailyinvestor.com/south-africa/34380/south-africa-has-27-3-million-people-on-grants-but-only-7-1-million-taxpayers/#:~:text=taxpayers%20E2%80%93%20Daily%20Investor-,South%20Africa%20has%2027.3%20million%20people%20on, but%20only%207.1%20million%20taxpayers&text=Social%20Development%20Minister%20Lindiwe%20Zulu,South%20Africa's%20population%20with%20grants>.

inkomste is steeds beter as niks, selfs al moet 'n ekstra mond gevoed word. Dit is ongelukkig hoe dit dikwels in arm gemeenskappe beskou mag word. Afgesien daarvan skep dit ook 'n aansporing vir moeders om nie huishoudings met hulle kinders se vaders te vorm nie, omdat dit moontlik die ouers se gesamentlike inkomste tot bo die maksimum inkomstevlak kan verhoog, met die gevolg dat die toelae verbeur word. Hierdie verslag voer nie aan dat dit oor die algemeen gebeur nie, maar slegs dat sulke ongewenste aansporings deur die huidige stelsel daargestel word.

In 'n 2012-studie deur die Limpopo Provinciale Regering<sup>16</sup> is bevind dat 15,5% van tienermoeders sê dat hulle swanger geword het sodat hulle die kinderondersteuningstoelae kan ontvang. Die navorsers het ook bevind dat die toelae 'n rol speel in 37% van swangerskappe, volgens gesondheidsdiensverskaffers wat aan die studie deelgeneem het. Net so bevind 'n studie deur Oyenubi en Kollamparambil<sup>17</sup> ook dat vroue wat vir die kinderondersteuningstoelae kwalifiseer, meer doelbewuste pogings gehad het om kinders te verwek as dié wat nie vir die toelae kwalifiseer nie. Die navorsers stel daarom 'n universele inkomstetoelae voor, eerder as die kindersorgtoelae.

Maatskaplike toelaes kos jaarliks net onder R251 miljard. Hiervan is die ouderdomstoelae die duurste, ten bedrae van R107 miljard, gevolg deur die kinderondersteuningstoelae, wat vanjaar R86 miljard sal beloop. Die maatskaplike noodverligtingstoelae (MNV-toelae), wat tydens die pandemie ingestel is, sal R34 miljard beloop.

As daar dan 'n universele inkomstetoelae van R500 per maand betaal word aan almal tussen die ouderdomme van 18 en 60, wanneer 'n persoon vir die ouderdomstoelae kwalifiseer, kan dit die MNV-toelae en die kinderondersteuningstoelae vervang. Die toelae sal R223 miljard per jaar kos. Volgens die nuutste bevolkingskattings<sup>18</sup> is daar tans 37,2 miljoen volwassenes tussen die ouderdomme van 18 en 60 in die land.

Daar is 7,07 miljoen belastingbetalers wat persoonlike inkomstebelasting in Suid-Afrika betaal. Deur die algemene inkomstebelastingrabat met R6 000 per jaar te verminder om die universele inkomstetoelae wat aan werkende mense ook uitbetaal word uit te kanselleer, kan R42,4 miljard meer as tans ingevorder word.

In 2019 het die tesourie bevind dat BTW-vrystellings en nulkoerse die tesourie jaarliks R31,7 miljard aan verlore inkomste kos. Aangepas vir inflasie is hierdie syfer R40,55 miljard vir 2024.

Wanneer al hierdie besparings aan huidige staatsuitgawes van die benodigde R223 miljard afgetrek word, is daar slegs R20,05 miljard nodig om die toelae te befonds. As ons verder aanneem dat baie mense met bogemiddelde inkomstevlakte nie vir die toelae sal regstreer nie,

---

<sup>16</sup>

<http://policyresearch.limpopo.gov.za/bitstream/handle/123456789/810/FACTORS%20ASSOCIATED%20WITH%20TEENAGE%20PREGNANCY%20IN%20LIMPOPO%20PROVINCE.pdf?sequence=1>

<sup>17</sup> <https://www.sciencedirect.com/science/article/abs/pii/S0313592622000054>

<sup>18</sup> <https://www.statssa.gov.za/publications/P0302/P03022022.pdf>

en dat 'n beduidende deel van die 37,2 miljoen volwassenes nie burgers van Suid-Afrika is nie, behoort die tekort veel minder as R20,05 miljard te wees. Die ekonomiese herlewing wat dit veral op die platteland tot gevolg sal hê, sal baie meer belasting inbring as wat die huidige toelaestelsel of 'n universele inkomstetoelae kan kos. Die belangrikste is egter dat dit 'n lomp oneffektiewe stelsel sal vervang, om welvaart te versprei na mense wat dit die nodigste het, eerder as om ongewenste gedrag aan te moedig, soos wat tans die geval is met die kinderondersteuningstoelae. Deur BTW-vrystellings uit te skakel, sal dit boonop die BTW-stelsel vereenvoudig deurdat alle produkte en dienste sonder uitsonderings teen 'n vaste koers van 15% belas word.

Hierdie verandering kan egter nie oornag gemaak word nie, en sal voorafgegaan moet word deur navorsing om te verseker dat mense wat tans van die kinderondersteuningstoelae afhanklik is, nie tydens die oorgang benadeel word nie. Hoewel meer geld na die armes gekanaliseer sal word deur 'n universele basiese inkomstetoelae, sal die oorgang fyn bestuur moet word.

So 'n toelae is hoog genoeg om mense te laat oorleef, veral as huishoudings hulle geld saampoel. Dit is egter nie hoog genoeg om mense te ontmoedig om te werk nie. Volgens die huidige minimumloon van R27,58 per uur sal 'n persoon minder as drie dae in 'n maand moet werk om meer te verdien as die voorgestelde toelae. Om werk te soek is ook dikwels duur en die R500 per maand kan daarvoor aangewend word. Anders as 'n toelae gee 'n werk waardigheid, 'n lewensdoel en die vermoë om deur die opbou van vaardighede beter toekomstige inkomste te verdienen. Volle indiensname moet dus die doelwit wees, eerder as om hulpbronne te herverdeel. Deur veral die plattelandse ekonomie aan te wakker, kan so 'n universele toelae help om hierdie doel te verwesenlik.

Universele inkomste moet egter nie die uiteindelike einddoel wees nie. Die uiteindelike welsynstelsel moet dien as 'n vangnet vir mense wat tydelik nie 'n werk het nie. Dit moet nie, soos die huidige stelsel, vir baie mense die enigste opsie wees nie. In die ideale welsynstelsel sal mense moet kan aantoon dat hulle besig is om hulle kanse op indiensname te verbeter, alvorens hulle 'n toelae ontvang. Ongelukkig is so 'n werksoekerstoelae nie in die huidige ekonomiese omstandighede moontlik nie.

Een opsie vir die oorgang na 'n universele basiese inkomstetoelae kan wees om dit te laat verval wanneer die nasionale werkloosheidskoers op 'n aanvaarbarevlak is, byvoorbeeld 5%. Dit kan dan vervang word met 'n aansienlik groter toelae, met strenger voorwaardes, soos dat ontvangers daarvan moet bewys dat hulle werkloosheid net tydelik van aard is, of dat hulle besig is om die vaardighede aan te leer wat nodig is om weer 'n werk te kry.

## 'n Stabiele geldeenheid

Enige onderneming wat internasionaal sake wil doen, moet weet wat sy geld werd is om te kan bepaal wat sy produk of diens werd is. Die rand is uiters onstabiel, met die gevolg dat dit onsekerheid skep. Hierdie onsekerheid word dan in hoër pryse weergegee, omdat ondernemings 'n buffer in hulle pryse moet inbou om hulle teen ongewensde skommelings te beskerm.

Hoewel die stabilitet van die rand deel van die Reserwebank se taak is, moet daar ook aanvaar word dat baie groot spronge in die rand se waarde oor die afgelope dekade eerder 'n politieke oorsprong het. Meer moet gedoen word om politici op te lei om die beeld wat Suid-Afrika na buite uitdra, te bevorder. Dit moet 'n beeld van stabilitet en groeigerigtheid wees.

Enige sprake van staatsinmenging by die Reserwebank se bedrywighede moet ook in die kiem gesmoor word. Die onafhanklikheid van die Reserwebank moet opnuut bevestig word. Die insluiting van 'n adjunkminister van finansies wat uit 'n opposisieparty kom, dui ook daarop dat die ANC se greep op die staat se finansies verswak, en die onafhanklikheid van die Reserwebank kan verder versterk word deur duidelike nie-politieke aanstellings in die Reserwebank se raad te maak wanneer die president weer raadslede aanwys.

Die afgelope paar jaar was dit veral die houding van politici teenoor van die land se grootste handelsvennote wat kommer wek. Volgehoue, voorspelbare handel maak dit makliker om die rand se bewegings te voorsien, en die handel moet daarom tot elke prys beskerm word.

## 'n Uitstekende goed opgeleide werkmag

Suid-Afrika het 'n baie jong bevolking. Oor die volgende dekade sal daar meer as 10 miljoen nuwe volwassenes by die werkmag aansluit. Volgens huidige realiteite sal baie min van hulle werk kry, tensy daar 'n skielike ontploffing in ekonomiese groei is.

Om die algemene omgewing meer bevorderlik vir indiensname te maak, is uiters belangrik. Net so belangrik is om die Suid-Afrikaanse werkmag aantreklik te maak vir werkgewers en potensiële beleggers. Die kwaliteit van opleiding is hier deurslaggewend. Dit is ook belangrik om te onthou dat die meeste werke nie noodwendig 'n formele kwalifikasie vereis nie. Daarom moet die matrieksertifikaat nie net 'n formaliteit wees waarmee 'n matrikulant steeds nie 'n werk kry nie. 'n Matrieksertifikaat moet 'n werkewer gerusstel dat die kandidaat werklike vaardighede aangeleer het. Vir skoliere wat geen behoefte aan 'n akademiese loopbaan of verdere onderrig het nie, kan 'n algemene geletterdheidsertifikaat ook oorweeg word. Met so 'n sertifikaat kan bewys word dat 15-jariges beskik oor geletterdheid en basiese numeriese vaardighede, wat hulle geskik maak vir werk waarvoor 'n matrieksertifikaat nie nodig is nie.

Die NOP stel numeriese teikens om meer mense deur matriek te kry en meer matrikulante op universiteit te kry. Dit is goed en wel, maar meer moet gedoen word om studente in bemarkbare velde te laat studeer. Dit begin voor skool reeds. Die onderwysplan moet gefokus wees daarop

om elke skolier die opsie te gee om hulle volle potensiaal te bereik. Almal hoef nie in wiskundige of wetenskaplike rigtings te studeer nie, maar almal wat dit kan en wil doen, moet die opsie hê om so te maak. Daar moet ingegryp word by skole wat nie presteer nie. 'n Swak skool is nie net 'n skandvlek op die onderwysstelsel nie. Dit is 'n vernietiger van potensiaal.

Daar moet ook meer gedoen word om nie net skaars vaardighede nie, maar vaardighede wat noodsaaklik is vir ontwikkeling plaaslik, te bevorder. Hiervoor kan verskeie opsies oorweeg word. Een is om 'n universiteit van uitnemendheid op die gebied van tegnologie en ingenieurswese te vestig. Die voorste kenners in die wêreld moet aangestel word om studente op te lei. Daar is geen rede hoekom Afrika, en dan spesifiek Suid-Afrika, nie ook 'n MIT, 'n Harvard of 'n Oxford kan hê nie. Vir 'n staat wat wil ontwikkel, is die opleiding van wêreldklas ingenieurs net so belangrik soos om aan alle ander vereistes vir ontwikkeling te voldoen. In die tussentyd moet dit 'n prioriteit wees om by bestaande universiteite meer studente op te lei en om seker te maak dat opleiding van die hoogste gehalte is.

Daar is ook geen rede hoekom so 'n instelling, en verskeie ander opleidingsinstellings, deur die staat besit of bestuur moet word nie. Solidariteit het reeds verskeie instellings met groot sukses geloods. Sol-Tech, Akademia en Bo-Karoo Opleiding is drie voorbeeld hiervan. Al drie hierdie instansies word tans met sukses bedryf om in Suid-Afrika se behoefté aan skaars vaardighede te voorsien deur geld en kennis van binne die Afrikanergemeenskap, in hulle eie taal, na die volgende geslag oor te dra. Hierdie projekte kan dien as 'n bloudruk vir ander gemeenskappe om dieselfde te doen.

Hoewel opleiding sentraal staan tot die samestelling van 'n uitstaande werkmag, is dit ook noodsaaklik dat almal gelyke toegang tot poste en sakegeleenthede moet hê. Demografiese vereistes, soos bepaal deur wette en regulasies rondom Swart Ekonomiese Bemagtiging en diensbillikheid, skep dikwels 'n hindernis vir werksoekers uit nie-aangewese groepe. Voorts plaas voldoening, en die bewyse dat daar voldoen word, 'n finansiële en administratiewe las op ondernemings. Dit neem hulpbronne, geld en tyd weg van ondernemings se kernbesigheid en herlei dit na administratiewe rompslomp, of die inkontraktering van SEB-sertifiseerders.

## **Die handhaaf van wet en orde**

Niemand ontwikkel welvaart as daar 'n te groot risiko is dat dit hulle ontneem sal word nie. Dit maak nie 'n verskil of dit die staat of ander mense is wat welvaart wegneem nie. Misdaad smoor sakevertroue en algemene vertroue in die land. Die feit dat daar nog amper niks gedoen is om gevolge te gee aan die bevindinge van die Zondo-verslag nie, bewys dat die regering nie ernstig is daaroor om korruksie te beveg nie.

Vir misdaad moet daar gevolge wees. Veral geweldsmisdaad maak dit baie moeilik om die land as 'n toeriste-aantreklikheid te bemark. Sakelui sal dan ook huiwerig wees om die land te besoek.

Geen sakegeleentheid is 'n mens se lewe werd nie. Dit is nie eers die risiko werd nie. Daardie risiko word grotendeels bepaal deur die persepsie van Suid-Afrika wat in die buiteland heers. As die statistieke, selfs al is dit nie van toepassing op plekke waar internasionale sakelui beweeg nie, bewys dat die land 'n gevaaarlike plek is, dan is die land 'n gevaaarlike plek. Die enigste manier om die persepsie teen te werk, is om die probleem teen te werk.

Dringende ingryping is nodig, want volgens onlangse statistieke het slegs 12% van moorde tussen 2019 en 2022 tot 'n skuldigbevinding gelei.<sup>19</sup> 'n Ander bron<sup>20</sup> het dit volgens die hoeveelheid slagoffers uitgewerk, met 'n skuldigbevindingskoers van 6,8%. Daar is dus 'n ongeveer 90%-kans dat 'n moordenaar met sy gruweldaad sal wegkom in Suid-Afrika. Dit is dus geen wonder dat daar tot 75 mense gemiddeld per dag vermoor word nie. Sulke syfers is onverskoonbaar en doen niks om Suid-Afrika se beeld as 'n veilige bestemming te bevorder nie.

Suid-Afrika se traagheid om misdade te vervolg is ook teenwoordig in finansiële misdrywe. Die Steinhoff-sage<sup>21</sup> het reeds in 2017 afgespeel. Vonnisse is eers in 2024 opgelê, terwyl ander mense steeds ondersoek word en hulle regstryd nou eers begin.<sup>22</sup> Dit volg op dekades van korruksie in die maatskappy.<sup>23</sup> Korruksie vier nie net in die openbare sektor hoogty nie, maar die vermoë om korruksie in die privaat sektor op te spoor en vinnig te vervolg, blyk dus ook afwesig te wees.

Daar moet ook meer gedoen word om tronke te bestuur sodat mense ná vrylating kan aanpas in die gewone samelewing. Dit is amper ondenkbaar om mense vir hulle hele vonnis in 'n gewelddadige omgewing te huisves, sonder enige oorweging aan menswaardigheid, en hulle dan vry te laat en te verwag dat hulle die vrye samelewing sal wil verbeter. Tronke moet plekke wees waar mense vaardighede aanleer, werkgerig sowel as sosiaal, en waar hulle voorberei word op 'n beter lewe. Die huidige gevangenisstelsel se blote voorkoms maak gevangenes gewoond aan 'n aaklike bestaan eerder as om enigsins hoop by hulle te vestig dat hulle iets beters kan bereik.

## **Ingryping in kritieke verval**

Waar verval sulke nadelige uitkomste het soos in die polisie en regstelsel, die onderwysstelsel en die land se vervoerstelsel, is dringende ingryping nodig. Daar kan nie te lank gewag word nie en dit is waansinnig om van dieselfde mense wat die verval veroorsaak het, te verwag om dit reg te stel.

Een manier om dit te bereik is om 'n spesiale prioriteitsdepartement in die tesourie te vestig, wat kritieke sektore binne 'n periode van 18 maande regruk. Die departement moet een taak per

<sup>19</sup> <https://theconversation.com/south-africas-police-are-losing-the-war-on-crime-heres-how-they-need-to-rethink-their-approach-218048#:~:text=Conviction%20rates%20for%20violent%20crime, resulted%20in%20a%20guilty%20verdict>.

<sup>20</sup> <https://businesstech.co.za/news/lifestyle/677737/getting-away-with-murder-in-south-africa/>

<sup>21</sup> <https://businesstech.co.za/news/business/287626/steinhoff-on-the-brink-a-timeline-of-collapse/>

<sup>22</sup> <https://www.news24.com/fin24/companies/bail-set-at-r150-000-for-former-steinhoff-legal-boss-20240325>

<sup>23</sup> <https://amabhungane.org/steinhoffs-secret-history-how-markus-joostes-scam-began/>

periode hê, wat teen die einde van daardie periode afgehandel moet wees. Prioriteite vir die eerste vyf jaar behoort misdaad, onderwys en vervoer te wees.

Dit is baie belangrik dat hierdie departement sy begroting afsonderlik van die departement wat reggeruk word, moet ontvang en bestee. As die twee tot vyf miljard per jaar wat benodig sal word, bloot deel vorm van die vervalle departement se begroting, sal dit aanhou om by te dra tot verval eerder as herstel. Nog iets wat hiervoor kan help, is om die bestuur van die departement geheel en al buite politieke beheer te hê. Persone wat in die departement se bestuur aangestel word, moet nie uit enige politieke party se geledere kom nie, maar 'n deursigtige aansoekproses moet gevolg word om mense met bewese sukses in die bestuur van ander sukkelende ondernemings of sektore te lok.

Voertuie is byvoorbeeld in die SAPD 'n wesenlike probleem. Deur 'n nuwe departement te skep wat voertuie eenmalig aankoop, kan die probleem reggestel word sonder dat korruptes wat uit die huidige stelsel voordeel trek, toegang tot fondse kan kry. Omdat dit direk onder die tesourie se toesig geskied, behoort daar minder ruimte vir korruksie te wees. As die oogmerk van die eenmalige prioriteitsfonds voertuie is, kan R2 miljard genoeg wees om vir elke polisiestasie in die land vier nuwe voertuie te koop. Ander prioriteite sal wees om elke polisielid in die land te toets om seker te maak dat hulle vaardighede en fisiese vermoëns voldoende is.

By skole sal die prioriteit ook moet wees om te verseker dat onderwysers op standaard is en dat skole toegang tot die nodige hulpbronne het. Skole waar daar byvoorbeeld nog puttoilette gebruik word, kan kinders nie met die nodige waardigheid en selfrespek toerus om produktiewe burgers met hoop vir die toekoms te wees nie.

Die derde prioriteit sal wees om die oorgang na groter privaatsektordeelname aan die land se spoornetwerk en hawens te bevorder. Die spoor- en padnetwerke moet ook met die prioriteitsfonds opgeknap word.

## **Gevolgtrekking**

Suid-Afrika is 'n land met ongelooflike potensiaal, wat deur wanbestuur vernietig word. Die NOP het oor die algemeen goeie doelstellings, maar te min word gedoen om dit te bereik.

Die meeste van hierdie doelstellings is gevolge van die bereiking van ander doelwitte, en aandag moet eers daarop gefokus word.

Die belastingstelsel plaas 'n te swaar las op burgers, met veral ondernemings wat deur belasting verhinder word om mededingend te wees. Korporatiewe inkomstebelasting en beperkende regulasies moet so ver as moontlik verminder word. Deur minder geld deur belasting uit omloop te onttrek, is daar meer beskikbaar om in die ekonomie te sirkuleer. Die vermenigvuldigereffek daarvan is om volgehoue groei en welvaart te skep.

Die toelaestelsel kan ook omvorm word om hierdie vermenigvuldiger-effek te maksimaliseer. Op die platteland is daar baie min ekonomiese aktiwiteit, met te min behuising en ander infrastruktuur om bloot die hele plattelandse bevolking na stede te verskuif. Die algemeenste toelae is die kinderondersteuningstoelae, wat vir baie arm plattelandse families hulle enigste bron van inkomste is. Die staat skep daarom die aansporing vir sulke families om kinders te kry waarvoor hulle nie kan sorg nie. 'n Beter oplossing sal wees om alle kleiner toelaes met een universelle inkomstetoelae te vervang. Dit sal die plattelandse ekonomie aanwakker, sonder om die verwekking van kinders waarvoor families nie kan sorg nie, aan te moedig.

Hoewel enige afhanklikheid van die staat ontmoedig moet word, en werk altyd beter as toelaes is, kan die toelaestelsel nie summier ongedaan gemaak word nie. Dit moet eerder hervorm word, soos in hierdie verslag uiteengesit.

Die kernprioriteit van die regering moet wees om 'n samelewing te skep waarin almal hulle volle potensiaal kan bereik. Hiervoor is ekonomiese groei belangriker as enige ander oorweging.

Hierdie groei benodig die volgende prioriteitsdoelwitte:

1. Die daarstel en instandhouding van infrastruktuur.
2. 'n Ligte belastingglas wat voor spelbaar is.
3. 'n Stabiele geldeenheid.
4. 'n Uitstekende, goed opgeleide werkmag.
5. Die handhawing van wet en orde.

Om laasgenoemde twee doelwitte, sowel as infrastruktuur, se enorme agterstande in te haal, moet 'n spesiale prioriteitsfonds en departement onder toesig van die tesourie geskep word. Dit moet ten doel hê om die betrokke agterstand binne een jaar uit die weg te ruim, met fondse wat nie aangeraak kan word deur die mense wat in die eerste plek die agterstand veroorsaak het nie.

## Bronne

- Bloomberg. 2018. Steinhoff on the brink: a timeline of collapse. BusinessTech.  
<https://businessstech.co.za/news/business/287626/steinhoff-on-the-brink-a-timeline-of-collapse/>
- Brederode, W. 2024. Bail set at R150 000 for former Steinhoff legal boss.  
<https://www.news24.com/fin24/companies/bail-set-at-r150-000-for-former-steinhoff-legal-boss-20240325>
- BusinessTech. 2023. New jobs added to South Africa's critical skills list.  
<https://businessstech.co.za/news/government/722774/new-jobs-added-to-south-africas-critical-skills-list/>
- BusinessTech. 2023. Getting away with murder in South Africa.  
<https://businessstech.co.za/news/lifestyle/677737/getting-away-with-murder-in-south-africa/>
- Daily Investor. 2023. South Africa has 27.3 million people on grants – but only 7.1 million taxpayers. <https://dailyinvestor.com/south-africa/34380/south-africa-has-27-3-million-people-on-grants-but-only-7-1-million-taxpayers/#:~:text=taxpayers%20%E2%80%93%20Daily%20Investor,South%20Africa%20has%2027.3%20million%20people%20on, but%20only%207.1%20million%20taxpayers&text=Social%20Development%20Minister%20Lindiwe%20Zulu,South%20Africa's%20population%20with%20grants.>
- Enache, C. 2023. Corporate Tax Rates around the World, 2023. Tax Foundation.  
<https://taxfoundation.org/data/all/global/corporate-tax-rates-by-country-2023/>
- Essop, P. 2024. Visum vir afstandwersers verwelkom, maar visum-kommer bly. Netwerk24.  
<https://www.netwerk24.com/netwerk24/sake/geldsake/beroep/visum-vir-afstandwersers-verwelkom-maar-visum-kommer-bly-20240410>
- Essop, P. 2024. Spesiale visum vir entrepreneurs is op pad. Netwerk24.  
<https://www.netwerk24.com/netwerk24/sake/geldsake/beroep/spesiale-visum-vir-entrepreneurs-op-pad-20240410>
- Fabricius, P. 2024. South Africa struggles to get off the FATF grey list. Institute for Security Studies. <https://issafrica.org/iss-today/south-africa-struggles-to-get-off-the-fatf-grey-list>
- Lamb, G. 2023. South Africa's police are losing the war on crime – here's how they need to rethink their approach. The Conversation. <https://theconversation.com/south-africas-police-are-losing-the-war-on-crime-heres-how-they-need-to-rethink-their-approach-218048#:~:text=Conviction%20rates%20for%20violent%20crime, resulted%20in%20a%20guilty%20Overdict.>

- Lebuso, S. 2023. Digital migration briefing, like the process itself, is postponed. City Press.  
<https://www.news24.com/citypress/news/digital-migration-briefing-like-the-process-itself-is-postponed-20230620>
- McKune, C. amaBhungane. Warren Thompson. Financial Mail. 2018. Steinhoff's secret history – how Markus Jooste's scam began. amaBhungane centre for investigative journalism.  
<https://amabhungane.org/steinhoffs-secret-history-how-markus-joostes-scam-began/>
- Statistics South Africa. 2024. Quarterly Labour Force Survey Quarter 1: 2024.  
<https://www.statssa.gov.za/publications/P0211/P02111stQuarter2024.pdf>
- Statistics South Africa. 2024. General Household Survey: 2023.  
<https://www.statssa.gov.za/publications/P0318/P03182023.pdf>
- Statistics South Africa. 2024. Electricity generated and available for distribution (preliminary).  
<https://www.statssa.gov.za/publications/P4141/P4141March2024.pdf>
- Statistics South Africa. 2022. Mid-year population estimates.  
<https://www.statssa.gov.za/publications/P0302/P03022022.pdf>
- The World Bank. 2022. Inequality in Southern Africa: An assessment of the Southern African Customs Union.  
<https://documents1.worldbank.org/curated/en/099125303072236903/pdf/P1649270c02a1f06b0a3ae02e57eadd7a82.pdf>
- United States Of America International Trade Administration. 2024. South Africa – Country Commercial Guide. <https://www.trade.gov/country-commercial-guides/south-africa-trade-agreements>
- Why Africa. 2024. Zambia Scrambles for Electricity. <https://www.whyafrica.co.za/zambia-scrambles-for-electricity/#:~:text=The%20recent%20drought%20and%20high,than%20eight%20hours%20per%20day.>
- World Bank Data. 2024. GDP growth (annual %) – South Africa.  
<https://data.worldbank.org/indicator/NY.GDP.MKTP.KD.ZG?end=2022&locations=ZA&start=2008>
- Williams, F. 2024. Eskom oorweeg klein kernreaktors by ou steenkoolkragstasies. Netwerk24.  
<https://www.netwerk24.com/netwerk24/sake/energie/eskom-oorweeg-klein-modulere-kernreaktors-by-ou-steenkoolkragstasies-20240522>